



Laerskool Hartenbos

Ma, 28 April 2020

Graad 6


Natuurwetenskap en Tegnologie

Tyd:30 min



Mengsels kan op verskillende maniere geskei word.

Metodes van skeiding deeltjies van die verskillende stowwe in die mengsels het nie dieselfde eienskappe nie. Daarom kan dit geskei word. Die metode wat gebruik word, hang van die eienskappe van die verskillende stowwe in die mengsel af.

Tipe skeiding	Skets
<p><b><u>Sortering met die hand</u></b></p> <p>Dit word gedoen deur een stof met die hand uit te haal, byvoorbeeld deur die verskillende bone in 'n mengsel in groepe van dieselfde grootte en sort te sorteer</p>	
<p><b><u>Sifting</u></b></p> <p>Jy kan 'n mengsel, soos rys en meel of teeblare, uit water sif om groter korrels van kleiner korrels, of vaste stowwe uit 'n vloeistof te skei. Sifting word gewoonlik gedoen deur 'n enkellaag-rooster waar die kleiner deeltjies deur die rooster se gaatjies pas en die deeltjies wat te groot vir die rooster is, agterbly.</p>	
<p><b><u>Filtrasie</u></b></p> <p>Filtrasie is die proses om 'n filter te gebruik om 'n mengsel van vaste stowwe en vloeistowwe te skei. Die filter kan van dik papier of 'n dun katoenstof gemaak wees, byvoorbeeld 'n koffiefilter, wat die koffiekorrels van die koffiebrousel skei. 'n Ander voorbeeld is die biofilter van 'n visdam waar die vuil water deur verskillende skuimlae en geweefde katoen gefiltreer word.</p>	
<p><b><u>Afsakking</u></b></p> <p>Afsakking vind plaas wanneer die swaarder of digter bestanddele na die bodem afsak in 'n mengsel van 'n vaste stof en 'n vloeistof, of 'n mengsel van twee vloeistowwe, byvoorbeeld sand en water, of water en olie. Die minder digte bestanddeel kan uitgehaal word deur dit uit te pomp of in 'n aparte houer af te giet.</p>	

<p><b>Magnetiese ekstraksie</b></p> <p>'n Magneet kan gebruik word om 'n magnetiese bestanddeel, soos ystervylsels of munte, uit 'n mengsel te haal waar die ander bestanddele nie magneties is nie.</p>	
<p><b>Verdamping</b></p> <p>Verdamping word gebruik as een stof in 'n ander opgelos is en slegs een van die twee stowwe kan verdamp. Die vloeistof sal verdamp. Na die verdamping sal die vastestof as kristalle oorbly. Indien die mengsel verhit word, sal die vloeistof vinniger verdamp.</p>	

Teken die volgende breinkaart oor op jou foliobladsy. Langs elke woord moet daar 'n beskrywing wees van die skeiding wat plaasvind met 'n voorbeeld.

